Bybel vir Kinders

bied aan

Dawid die Koning (Deel 1)

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Lazarus

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Jong Dawid was aan die vlug. Koning Saul wou hom dood maak. Dawid het in die veld in 'n groot grot gewoon saam met vier honderd volgelinge.

Partykeer het Koning Saul se soldate hulle amper gekry maar Dawid het aanhou trek.

Saul se slaaf, Doëg het aan die koning vertel die priesters het Dawid help ontsnap. Saul het beveel dat hulle doodgemaak moet word, maar net Doëg was bereid om dit te doen! Hy het vyf en tagtig priesters en jul families wreed vermoor met sy swaard. Dit was baie sleg.

Een dag het Saul jag gemaak op Dawid en reg in die grot ingeloop waar Dawid en sy mansskappe weg gekruip het. Saul was alleen!

In die grot kon Dawid maklik vir Saul gedood het. In plaas daarvan het hy nader gekruip en 'n stuk van Saul se mantel afgesny met sy mes.

Saul het verder gegaan maar Dawid het hom geroep en gesê "Ek het 'n stuk van u kleed afgesny en u nie gedood nie net om te wys dat ek geen kwaad of oortreding teen u voer nie ..."

Saul het aan Dawid gesê hy is jammer dat hy hom wou dood maak. Gou was sy woede terug en hy hy drie duisend man aangesê om Dawid te dood. Een nag terwyl die manskappe geslaap het het Dawid en Abisaì, een van sy soldate, in die koning se kamp ingegaan waar Saul geslaap het.



“God het jou vyand in jou hand gegee vandag,” fluister Abisaì. “Laat my hom in een slag teen die grond vassteek, sonder om dit ‘n tweede keer te doen.”

Dawid het geweier. Hy het Saul se spies en beker geneem en die kamp verlaat. Dawid het op 'n koppie 'n entjie weg gestaan en Saul geroep. Saul het gesien dat Dawid hom weereens kon doodmaak maar het nie. Weereens het Saul gesê hy is jammer oor hy Dawid wil dood maak. Dawid het geweet hy kan Saul nie vertrou nie.



Teen hierdie tyd was Samuel al dood. Hy was die profeet wat God aangesê het om eerste vir Saul en toe vir Dawid te in te seen as koning van Israel. Die Fillistyne het Israel aangeval en Saul het iets verskriklik gedoen, iets wat God verbied.

Hy het 'n vrou gevra om Samuel op te roep van die dode. Die nag toe kry Saul 'n boodskap.

"... Die HERE het jou verlaat en jou vyand geword ... die HERE het jou koninkryk van jou weggeruk en aan jou buurman Dawid gegee. Môre sal jy en jou seuns by My wees. Die HERE sal ook die manskappe van Israel in die hand van die Fillistyne gee." Saul het van vrees inmekaar gestort.

Die Fillistyne het teen Israel geveg en die manskappe van Israel het gevlug. Die Fillistyne het Saul se seuns gedood, selfs Jonathan, Dawid se goeie vriend.

Saul was ernstig gewond deur die boogskutters. Hy het aan sy wapendraer gesê, "Trek jou swaard en steek my daarmee dood dat daardie heidene nie kom en my doodsteek en in oneer laat sterf nie." Sy wapendraer wou dit nie doen nie, want hy was bevrees. Saul het sy swaard geneem en daarin geval.



Die Fillistyne het die liggame van Saul en sy seuns gekry en dit teen die muur van 'n Israelitiese stad vas gespyker. Brawe Israelitiese soldate het die liggame gaan afhaal en dit verbrand voor hulle die oorskot begrawe het in Israel.

Dawid het die verskriklike nuus gehoor en getreur en geween en gevas tot die aand vir Saul, Jonathan en die mense van die HERE wat gedood is deur die swaard.

Al het Saul probeer om Dawid dood te maak het Dawid hom nog steeds gerespekteer want hy was 'n gesalfde van God. God het Dawid vereer deur hom koning te maak in Saul se plek.

Dawid die Koning (Deel 1)

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

1 Samuel 24-31; 2 Samuel 1-2

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16